Jesaja 51:1-16 NGK MIEDERPARK 10/1/10
TEMA: OORWINNING - DIE BELANGRIKSTE DING IN DIE LEWE Ds Okkie Cilliers

Wat is die belangrikste ding in die lewe? Ons doen so baie goed en raak eindeloos moeg met die baie dinge wat gedoen word, dat die antwoord nie so maklik is nie. Dis die huis se paaiement en die motor wat betaal moet word; die kinders se musieklesse; inkomstebelasting wat ons klaar maak; die vrouens wat gewig moet verloor; dinge wat in die kerk gedoen moet word.... Het ons nie iewers in die lewe perspektief verloor nie? Het die baie groot probleme van die lewe nie so belangrik geword dat ons nie meer weet wat is DIE belangrikste saak in die lewe nie!? En dis ‘n lastige en moedswillige vraag want ons is regtig vasgevang in die lewe en elkeen van ons soek na iets om aan vas te hou.Die lewe het ‘n doolhof geword.

Op uitsonderinge na wil ons regtig die wil van die Here ken. Maar die manier waarop ons dit wil doen, is nie altyd die regte een nie. Want die fout wat die meeste mense maak, is om baie DINGE te doen om seker te maak dat hulle in die kol is: hulle kom meer kerk toe, lees meer Bybel, probeer ophou vloek en rook, probeer meer korrek leef... net om op die ou einde maar weer perspektief te verloor. Dis om van moedeloos te raak – ons probeer om goed en gebalanseerd te leef maar dinge werk nie uit nie, want daar is te veel dinge om uit te werk!

Wat is die belangrikste ding in die lewe?
1. Laat jou gedagtes **teruggaan** na die paaie wat die lewe met jou geloop het en kyk wat staan uit in jou lewe. Dit is die strekking van vers 1b. Ek weet dat gister se lewe maar onaangenaam kan lyk. Want daar lê baie skerwe en stukke rond wat vergeet moet word maar nie vergeet kan word nie. Daar was die tye waar jy baie hard met die grond van die lewe kennis gemaak het en jy flenters geskraap is met dinge wat jy gedoen het en wat jou aangedoen is.
Om dit te verduidelik gebruik die Here vir Abraham en Sara as voorbeeld en sê die Jode moet terugdink na daar waar hulle geskiedenis begin het (vers 2). Onthou jy wat Abraham alles gedoen het en hoe hy geval het? O.a. lees ons in Gen 12 dat hy te bang was om die Here op sy beloftes te vat dat Hy vir hom sou sorg - toe lieg hy maar liewers en gee sy mooi vrou aan die Farao en sê sy is sy suster. Want netnou maak die Farao hom dood om sy vrou in die hande te kry. Maar gelukkig het hy nie net geval nie – kyk terug en onthou dat daar ook groot beloftes gemaak is. Dié beloftes het Abraham geglo het en dit het sy hele lewe beheer; o.a. dat hy 'n groot nageslag sou hê. Die belofte het die belangrikste ding in sy lewe geword.

Weer die vraag: wat is die belangrikste ding in jou lewe? Gaan kyk na jou wortels en kyk mooi na die verlede: *as jy dit gaan soek in gister se dae het jy nog nie die belangrikste ding ontdek nie!* Want die dinge wat verby is, is verby en as jy daaraan vashou gaan jy baie gou perspektief op die lewe verloor en dinge gaan hande uit ruk. Dis die tragedie wat in huwelike gebeur – mense leef met die verlede en dit maak en breek verhoudings. Dis die tragedie wat met ons kerk gebeur het - ons is so bekommerd oor die mooi van die verlede en so besig om dit wat uit gister gekom het te verdedig, dat ons nie meer antwoorde kan bied aan die geslag van vandag se vrae nie. Ons staan verleë en raak kwaad as denkende mense vrae oor God en lyding en lewe en sin vra. Ja, daar is niks met die mooi uit die verlede verkeerd nie want dit werk behoudend in op vandag. Maar as dit die belangrikste geraak het is jy 'n arm mens.

Daarom dat die Here met die uitdagende woorde in vers 3 kom: "NOU gaan Ek my ontferm..." Jy moet NOU weet wat die belangrikste in die lewe is, anders gaan jy die geleentheid mis! En as die Here na Abraham en Sara verwys het, wil Hy daarmee sê dat daar net een ding uit gister se dae is wat belangrik is - en dis DIE BELOFTES VAN GOD VIR VANDAG.

Kom ons val met die deur in die huis: HOE IS JY GERED? Kan jy terugkyk na die dag toe jy uit die klipgroef gekap is (vers 1b)? Dan eers kan jy saampraat oor wat die belangrikste goed in die lewe is! Die heel belangrikste ding in die lewe is redding wat onvernietigbaar is omdat dit op die ROTS gebou is. Die rots se Naam is Jesus Christus, en wie nie met redding besig is nie, is besig met twak. Alles draai rondom Jesus en as jy nie kan getuig van die dag toe God jou met moeite uit die klipgroef gaan kap het en in die bloed van Jesus gewas het nie, weet nie waaroor dit gaan nie en het nie perspektief nie.

Met die redding van God en die rotsvaste beloftes wat God gemaak het, werk die Here NOU/ VANDAG in jou lewe. Vergeet van die beloftes wat die Here aan ons voorouers in oorloë gemaak het; vergeet vaan die tye waarop jy roem toe jy "so naby aan die Here was..." want die Here wil Hom vandag oor jou ontferm. Vergeet dan gerus ook van die mislukkings wat jy uit gister saamsleep en wat jou lewe so vergal, want die Here wil Hom vandag oor jou ontferm!
Vir die Jode moes dit wonderlike nuus gewees het, want hulle sit in 'n vreemde land waar hulle nie veel meer is slawe/bywoners nie en nou kan hulle terug gaan! Maar hulle is bekommerd oor die puin van Jerusalem en al die probleme daar, en huiwer om terug te gaan. In dié omstandighede sê die Here as hulle die belangrikste ding in die lewe ontdek het, redding, dan sal HY SELF die puinhope herstel. Destyds het God dit belowe en gedoen en daar is geen rede waarom dit nie ook vandag gedoen word nie. Want die Here van daardie tyd is dieselfde Here vandag. As jy die beloftes van die Here ontdek het en gebou is op die Rots Jesus, is jou probleme vandag vir Hom niks nie!! Hy wil jou soos Eden maak waar dit pragtig en goed is.
Jy kan maar bly wees, dankie sê, sing en van vreugde rondspring - want God is getrou!

Maar die goed werk nie in ons lewens nie. Ons kan dit mooi en vroom name noem, maar ons lieg vir onsself en kan/wil hierdie vreugde van die Here nie beleef nie, omdat ons so hartstogtelik klou aan die koninkryke en paleise wat ons opgebou het. Die NOU waarin die Here werk vir ons 'n vae teorie. Dis iets waaroor ons baie mooi kan praat en groot planne maak, maar in baie mense se lewens kom daar nie veel (niks?) tereg nie.

Verse 4-5 bevestig dit: God is NOU is beheer van jou lewe. Gee daarom aandag wat die Here sê. As jy Hom nou ken, dan moet jy jou gereed maak om baie liefde van sy kant af te ontvang, want sy verlossing is verseker op pad. En as jy ierwers perspektief verloor het gaan jy nie agterkom as die redding opdaag nie. Dit gaan by jou verbyloop. Oorwinning is wat die Here NOU in jou lewe wil doen. Dit is die belangrikste ding in die lewe. vergeet van die spoke van gister want dit gee nie oorwinning nie. Behalwe die klompie wat so beswaard is soos jy en saam met jou laer trek, luister niemand regtig na jou as jy oor die verlede praat nie. Maar as jy dit met vreugde uitjubel dat God regtig alles in jou lewe is. het jy 'n kragtige getuienis aan mense (verse 4b-5). Mense is honger, mense soek antwoorde in hul soektog na die lewe, want die lewe kry hulle onder en weet nie meer waarheen om te hardloop nie - hulle roep na die oorwinning in God. As jy dit begin leef, sien hulle een wat uit klip gekap is en dit gee NOU hoop. Dan word hy ook een wat uit klip gekap is en dit word 'n kettingreaksie waar een mens se oorwinning tot die volgende s'n lei en almal praat oor die groot dinge van God. Verstaan tog hoe belangrik dit is dat jy hierdie dinge *doen* sodat mense dit kan *sien*? As jy nie met vreugde dank en sing nie, steur niemand hom aan jou nie want jy het niks om hulle aan te bied nie. **Waarmee is jy vandag besig?**

2.Maar kyk ook na *vandag*. Vandag lyk nie veel beter as gister nie. Want vandag is die plek waar ons met die sonde sukkel, probleme met die kinders het, sondige gewoontes wat nie gebreek kan word nie, humeurigheid, geld wat nie meer alles kan toestop nie... Vers praat duidelik: kyk maar rondom jou, maar moenie net vaskyk teen die dinge wat hier voor jou staan nie - dit sal verdwyn. Alles sal met die tyd verlore gaan, maar nie God se genade nie. (As voorbeeld: wat het jou 2 jaar

terug gepla? Byna niemand kan meer onthou nie. Wat daardie tyd soos 'n berg voor jou gelê het, is vandag mis wat in die son verdwyn het.) En dit wat nou voor jou staan sal ook met die tyd vervaag. Maar die krag van die Here sal nooit vergaan nie - vir altyd is dit dieselfde. Moenie jou oor die dinge van vandag moeg maak nie, want dit is nie die belangrikste dinge in die lewe nie. Maar as jy vandag net voortgaan om te leef vir die huis wat betaal moet word, die kinders wat geleer moet word, die siekte wat gesond moet word, die geld wat meer moet word... gaan jy perspektief verloor. Dit beteken nie dat die dinge nie belangrik is nie, maar dat jou prioriteite reg moet wees. Al wat in die lewe regtig NOU saak maak, is die teenwoordigheid van die Here!

3. Maar dinge kan baie skeef getrek kan word en ons word ***bang***. Die oomblik as jy bang word en rondom jou kyk, gaan jy die krag van oorwinning verloor! Want vrees is die speelbal van die duiwel, dis sy kos. Gee hom vrees dan vernietig hy jou. Want as jy bang raak, dan leer die duiwel jou gou om jou oë van die Here Jesus af te haal en net met jou vrees te leef. En dit is omtrent al wat in mense se oë gesien word: **vrees.**. Nagte word wakker gelê oor dinge by die werk; depressies kom maak nes en word bloeiende maagsere; geleende geld word hul hoop omdat hulle bang is die Here sal nie voorsien nie; die sterre wat voorspel moet vrede bring; sielkundiges moet goed verwerk... Daar is net een mens wat mag vrees - en dis die ongelowige! Want die versekering (nee die BEVEL) van die Here, kom in vers 7 dat die mens wat Hom ken nie mag vrees nie want die Here sal sorg. As jy dink dat dit nie moontlik is nie want jou situasie is "erg", moet jy onthou dat Jes 51 geskryf is aan mense wat as slawe werk en nie hoop het nie.

Jy as gelowige kan jou vrees vir mense en dinge begrawe. Die Here sal vir jou sorg (verse 7,8). Hoe gouer ons dit begin doen, hoe beter sal dit gaan en hoe meer gaan ons oorwinning beleef. Maar ons sukkel omdat ons die teorie in die kop het dat die Here sal sorg maar dit leef nie in ons hart nie. Ons is te bang om te jubel en te juig in die oorwinning van die Here, miskien omdat ons bang is dat dit nie werk nie en dan is ons verleë (Iemand vertel dat hy onder moeilike omstandighede moet werk waar mense vloek en skree, rondslaap en drink - en hy kan nie sy mond oopmaak om te praat nie want dan verloor hy sy werk. Dis 'n moeilike een, maar prys die Here - Hy weet daarvan! En gewis gaan Hy na ons kyk, want sy oorwinning staan vas. Daarom kan die wêreld maar spot en raas, want die Here dink van sulke mense minder as 'n lap wat deur vismotte opgevreet word.

4. Wat is die belangrikste ding in die lewe?
Daar is net een ding wat die lewe die moeite werd maak, en dit is om op die Here te vertrou. Nie om dit in woorde te sê nie maar om dit te doen! Want die teorie daarvan is maklik, maar om terug te staan en op die Here te wag - dit is OORWINNING. Ons praat baie daaroor en soek dit op vreemde plekke en maniere, maar oorwinning is om met die *Woord van die Here* in elke hoekie van jou lewe te gaan leef. Wie die belangrikste dinge eerste in sy lewe wil stel, kan maar net met die Bybel leef en in elke hoekie van sy lewe gaan doen wat die Bybel sê - dit is oorwinning. Daarom dat mense so tragies perspektief verloor en so baie dinge jaag, want die Bybel word gruwelik verwaarloos. Ja, as daar tyd is word daarna gekyk, maar baie min mense leef met God se perspektief omdat die Bybel ‘n toe boek binne huise en lewens is.

Dis wat Jesus kom maak het - oorwinning kom waarborg het met sy opstanding!! Niks kan dit ongedaan maak nie (Rom 8:37-39). Dit maak my oorwinning iets ongeloofliks, want dis dit begin en eindig nie in my lewe nie, maar in Jesus as Persoon. Dit maak oorwinning 'n ongelooflike realiteit. Want vir elke mislukking en hoop-lose saak uit die verlede is daar klaar oorwin. Vir elke stukkie beuselagtigheid waarmee ek perspektief in die lewe verloor, is klaar oorwin! Vir elke stuk vrees wat ek beleef, is klaar oorwin! Vanuit die NT gesien het Jesus vir elke stuk ongeloof en sonde klaar betaal. Dit is reeds oorwin - ek hoef nie eers in my eie krag te gaan probeer om dinge

reg te maak nie WANT DIS REEDS GEDOEN! (Rom 6). Oorwinning is om Jesus se oorwinning te leef.

Die tragedie lê daarin dat mense dit hoor en nie wil glo nie. As dit nie so tragies was nie, kon 'n mens gelag het vir alles wat kerkmense doen en as belangrik beskou. Hulle wil nie na die Woord luister nie en kyk eerder in die dronk oë van die wêreld om te sien wat hulle jaag, en dan raak die kerkmense oor dieselfde goed op loop en maak dan eintlik soos hulle wil. En dit kan nie, want ons kan nie met die een hand gryp na God se oorwinning en met die ander hand die dinge van die wêreld vasgryp en gemaklik met die mense/dinge daar leef nie. Kyk goed na vers 13: ons vergeet van die Here wat ALLES kan doen en is bang vir mense wat die Here nie ken nie. Ons MAG nie met die wêreld speel nie en ook nie vir hulle bang wees nie.

Hoekom word oor die goed gepraat? Want dis vir God belangrik dat die oorwinning 'n werklikheid is (verse 9-10). Dis by God nie maar net iets waarmee Hy sy tyd verdryf nie, dis waaroor sy wese gaan!! En dis wat Hy wil hê ons moet doen! O, as ons maar net met God se skild as oorwinning sal leef, gaan hierdie wêreld verstom staan oor God se krag. Daarom is die uitnodiging so dringend: "Gryp in Here, toon U mag" (vers 9). En dis vir jou bedoel, dis aan jou adres gerig sodat jou lewe vir eens en vir altyd op koers kom en bly! En dis nie ‘n teorie nie, maar ‘n klipharde werkliheid! Jy is deur Jesus se bloed uit klip gekap en kan nie meer dieselfde ou mens wees met ou prioriteite nie. **Jesus is die belangrikste ding in jou lewe.** Daarom moet jy jou lewe NOU regmaak. Jy kan. Want daar is tot in die fynste detail vir alles waarmee jy sukkel klaar betaal.
HEERLIK!!

Hierdie ding, oorwinning, is meer as net 'n droom in die hart. Dit is om vandag klaar te maak met koppige gedagtes, vinninge humeur, vinnige drankies, leuens wat vertel word, oneerlikheid tussen die mense waar jy werk, die grootmond wat jy voorhou om jouself belangrik te laat voel, huweliksprobleme... alles kom reg in Jesus se krag. Dit is nie 'n droom of 'n teorie nie - vers 11 sê dat alle smarte verdwyn en daar moet gejubel word.
Ek het 'n vermoede dat dit die rede vir ons ondergang is en die oorsaak is vir die val en opstaan: ons weet nie wat dit is om te jubel en juigend te straal van blydskap nie! Hoe gouer ons ophou praat en 'n paar mooi dinge doen terwyl ons sing in die kerk, maar om dit letterlik in die lewe uit te sing en te lag met skreeuende entoesiasme dat ons gered is en nooit weer verlore sal gaan nie, hoe meer gaan oorwinning 'n lewenswyse word en bly! Want dit is nie 'n teorie nie omdat God nie 'n teorie is nie. In verse 12-15 stel Hy dit duidelik: Ek is die Here, Ek bring uitkoms, Ek gee oorwinning (let veral op na vers 15). Ja, oorwinning is om te weet ek is SYNE (vers 16). Ek is nie die duiwel s'n nie en hy het geen reg op my nie. Ek moet vir hom gaan sê ek is klaar met sy vernederinge en sondes, van nou af lewe ek in die Here se oorwinning.

Oorwinning is om vandag te doen wat Jesus gedoen het - die mag van sonde te breek. Oorwinning is om in Sy bloed gewas te wees en daaroor te juig.
Dit kom nie vanself nie. Jy kies daarvoor.

Jy sal dit so beleef. Amen – laat dit so wees!